DIE NOU TESTAMENT

DIE KONINKRYK IS HIER

PREEKNOTA

Datum: **24/03/2024**

1. Wat is jou prentjie van ’n koninkryk?

Markus 11:1-11a (NLV) [1]Toe hulle naby Jerusalem kom, het Jesus en sy dissipels eers die dorpies Betfage en Betanië, wat teen die Olyfberg lê, bereik. Daarop het Hy twee van sy dissipels vooruit gestuur [2]met die opdrag: ”Gaan na die dorpie hier reg voor julle en nes julle daar ingaan, sal julle ’n jong donkie wat nog nooit gery is nie, vasgemaak sien staan. Maak dit los en bring dit hierheen. [3]As iemand vir julle sê: ‘Wat maak julle daar?’ sê dan: ’Die Here het die donkie nodig; Hy sal hom nou-nou terugstuur.’” [4]Die twee dissipels het toe vertrek en hulle het ’n jong donkie gekry wat buite in die straat by die ingang van ’n huis vasgemaak staan. Terwyl hulle hom losmaak, [5]het van die omstanders beswaar gemaak en vir hulle gesê: ”Wat dink julle doen julle? Hoe kan julle die donkie sommerso losmaak?” [6]Hulle het toe geantwoord soos Jesus hulle beveel het, en die mense het hulle toe laat begaan. [7]Daarna bring hulle die jong donkie na Jesus toe. Hulle sit toe hulle bo-klere op die donkie en Jesus gaan sit op hom. [8]Baie van die skare het toe hulle bo-klere op die pad voor Jesus oopgegooi, ander weer groen takkies wat hulle in die veld gekap het. [9]Met Jesus in die middel van die optog het hulle uitgeroep: ”Prys God! [10]Geseënd is die Een wat kom in die Here se Naam! Geseënd is die koningsheerskappy van ons voorvader Dawid wat aan die kom is! Prys God in die hoogste hemel!” [11]So het Jesus toe in Jerusalem aangekom en na die tempel toe gegaan waar Hy alles rondom bekyk het. ...

2. Hoe werk die koninkryk van God?

Lukas 17:20-21 (AFR83) [20]Toe die Fariseërs vir Jesus vra wanneer die koninkryk van God dan kom, het Hy hulle geantwoord: ”Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie. [21]Hulle sal nie kan sê: ’Kyk, hier is dit!’ of: ’Daar is dit!’ nie, want die koninkryk van God is hier by julle.”

3. Hoekom sien ons nie die koninkryk van God op aarde nie?

a) Die vyand se versteekwerk.

2 Korintiërs 4:3-4 (AFR83) [3]As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met ‘n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. [4]Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.

b) Die vraag na koninkryksburgers.

Matteus 5:1-11 (KAB23) [1]En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en toe Hy sit, kom sy dissipels na Hom. [2]En hy het sy mond oopgemaak en hulle geleer en gesê: [3]Geseënd is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. [4]Geseënd is die wat treur, want hulle sal vertroos word. [5]Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. [6]Geseënd is die wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal versadig word. [7]Salig is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid verkry. [8]Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. [9]Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. [10]Geseënd is die wat vervolg word ter wille van geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. [11]Geseënd is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek, om My ontwil.

4. Hoe kweek ek die koninkryk van God in my lewe?

Matteus 13:31-32 (NLV) [31]Hier is nog ’n gelykenis wat Hy vir hulle vertel het: ”God se koningsheerskappy is soos ’n mosterdsaad wat iemand in sy tuin geplant het. [32]Dit is die kleinste van alle saadsoorte, maar as dit groei, word dit groter as al die ander plante in die tuin. Dit word so ’n groot boom dat die voëls in sy takke kan kom nesmaak.”

Matteus 13:44-46 (NLV) [44]”God se koninkryk is soos ’n skat wat in ’n stuk grond weggesteek lê. Iemand kry dit daar, maar steek dit dadelik weer weg. Oorstelp van blydskap gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop daardie stuk grond.” [45]God se koninkryk is ook soos ’n pêrelhandelaar op soek na mooi pêrels. [46]As hy een baie kosbare pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop daardie pêrel.”

5. Watter koninkryk regeer jou lewe?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÈ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za

FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer:
016 004 0016 I navrae@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655